Die deelnamepunt vir 'n module (Kyk Algemene Reël 1.13.1) word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk. Vir elke onderrigleeropdrag (klastoetse, werkstukke, opgawes, ensovoorts) wat uitgevoer word by wyse van formatiewe assessering in 'n module, word 'n punt toegeken. 'n Student se deelnamepunt is die geweegde gemiddelde van hierdie punte.

Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir die modules, word in die betrokke studiegidse uiteengesit.

NAS.1.2.2.3 Admission to examinations / *Toelating tot die eksamen*

Admission to examinations in any module is granted by acquiring a proof of participation (see General Rule 1.13.2).
In terms of the General Rule 1.13.2,a proof of participation will only be issued to a student in the Faculty of Natural and Agricultural Sciences if he-

- has complied with the specific requirements of the module as set out in the relevant study guide;
- where applicable, has completed the practical work required for a module; and
- has obtained a participation mark of at least 35% for first semester first year modules- only applicable to bona fide first year students. Each successive module requires a participation mark of 40% (see also General Rule 2.5.2).

Proof of participation obtained for a module for the first examination opportunity is transferred without any change to the second examination opportunity (see General Rule 1.13.2.2). /

Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van ’n deelnamebewys (Kyk Algemene Reël 1.13.2).
In terme van Algemene Reël 1.13.2.3 sal 'n deelnamebewys in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe slegs aan 'n student uitgereik word indien die student:

- *voldoen het aan die besondere vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is;*
- *waar van toepassing, die praktiese werk wat vir 'n module vereis word, voltooi het; en*
- *'n deelnamepunt van minstens 35% vir eerstesemester, eerstejaar modules, slegs van toepassing op ’n bona-fide eerstejaar student. Vir elke opeenvolgende module moet ’n deelnamepunt van 40% behaal word. (Kyk ook Algemene Reël 2.5.2).*

Die deelnamebewys wat vir ’n module verwerf is vir die eerste eksamengeleentheid, word net so oorgedra na die tweede eksamengeleentheid (Kyk Algemene Reël 1.13.2.2).

NAS.1.2.2.4 Relation between credits and examination papers / *Verhouding tussen kredietpunte en eksamenvraestelle*

The duration of an examination paper of an 8 and 12-credit module, is usually two hours and the duration of examination papers that count for 16, 24 or 32 credits is usually three hours. /

Die eksamenvraestel vir 'n 8 en 12 kredietpunt module duur gewoonlik twee uur en die eksamenvraestelle van modules wat 16, 24 of 32 kredietpunte tel, duur gewoonlik drie uur.

NAS.1.2.2.5 Relation between credits and teaching periods / *Verhouding tussen krediete en onderrigperiodes*

With regard to practical work (for example Chemistry, Physics, Zoology, Urban and Regional Planning, etc.): four continuous periods every second week are allocated for practical work at the first year level and four continuous periods per week at the second and third year level. Depending on the nature of the different subjects, deviations from this guideline might be found./

Met betrekking tot praktiese werk (byvoorbeeld Chemie, Fisika, Dierkunde, Stads- en Streekbeplanning, ens): vier aaneenlopende periodes elke tweede week word toegeken vir praktiese werk by die eerstejaarvlak en vier aaneenlopende periodes per week aan die tweede en derde jaarvlak. Afhangende van die aard van die verskillende vakke, kan afwykings van hierdie riglyn gevind word.

NAS.1.2.2.6 Number of examination opportunities / *Aantaleksamengeleenthede*

The General Rule 2.8.3 regulates the number of examination opportunities. An implication of these rules is that a student who has not passed a module with the second examination opportunity will not be entitled to exemption from classes.

See General Rule 1.13.6: Dean’s concession examination (third examination opportunity)

Students in Actuarial Science, who would like to be considered for actuarial exemption, must write their examinations during the first examination opportunity. Complete requirements for students in Actuarial Science may be obtained from the Director of the Centre for Business Mathematics and Informatics. /

Die aantal eksamengeleenthede word bepaal deur Algemene Reël 2.5.3 'n Implikasie van hierdie reëls is dat 'n student wat 'n module na die tweede eksamengeleentheid nog nie geslaag het nie, nie op klasvrystelling geregtig sal wees nie.

Sien Algemene Reël 1.13.6: Dekaans finale konsessiegeleentheid (3de eksamengeleentheid)

Studente in Aktuariële Wetenskap, wat in aanmerking wil kom vir aktuariële vrystelling, moet hulle eksamen tydens die eerste eksamengeleentheid skryf. Volledige voorskrifte vir studente in Aktuariële Wetenskap is by die direkteur van die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika beskikbaar.

NAS.1.2.2.7 Module mark */Modulepunt*

Applies only to full-time contact study: The module mark for every module is calculated (see General Rule 1.13.1) from the participation mark and the examination mark at a 1:1 ratio. Calculation of final module marks for distance students are indicated in the study guide. The weight of the participation mark may be between 30% and 70% of the final module mark.

Slegs van toepassing op voltydse kontakstudie: Die modulepunt (Kyk Algemene Reël 1.13.1) word bereken uit die deelnamepunt en die eksamenpunt in die verhouding 1:1. Berekening van finale modulepunte vir afstandstudente word in die studiegids aangedui. Die gewig van die deelnamepunt kan tussen 30% en 70% van die finale modulepunt wees.

NAS.1.2.2.8 Pass requirements of a module */ Slaagvereistes van 'n module*

The terms and conditions for passing modules are set out in the General Rule 1.13.3. The subminimum for all modules in the examination is 40%. /

Die bepalings ten opsigte van die slaag van modules is in die Algemene Reël 1.13.3 uiteengesit. Die subminimum in die eksamen vir alle modules is 40%.

NAS.1.2.2.9 Access to and review of marked examination work / *Toegang tot en hersiening van gemerkte eksamenwerk(Rule 1.13.7)*

All students have the right to view their examination scripts and associated memoranda in accordance with faculty rules.

To view a marked script, the student must submit an application on the relevant form to the Faculty Administrator. The distance students may apply via the UODL call centre. The students apply officially to the relevant School Director.

In the case of contact programmes, the application to view the examination script must be submitted **within five working days** after the module examination results have been published in the case of the **first** examination opportunity, and **within two working days** in the case of the **second** examination opportunity. In the case of **distance** programmes, the application must be lodged within **ten working days**.

Faculty rules must provide procedures for, and the management of the manner in which students may be given access to their examination work.

If approved the student may view the answer paper and memorandum in the presence of the lecturer and subject group chairperson concerned. Any bona fide errors can be corrected.

On the basis of the review of the examination script, a student may request that administrative errors in the calculation of the examination mark be corrected, or that the examination script be remarked on payment of an additional examination fee as per the provisions of Rule 1.13.7.7.

Where the remarking of the examination work leads to a change in the assessment result, **the original mark is replaced by the changed mark**.

Scripts and the associated memoranda must be viewed and/or remarked after each examination period and before the date as indicated in the annual University calendar for finalising the examination results. /

Alle student het die reg om insae in hul eksamenskrifte en ge-assosieerde memoranda te kry in ooreenstemming met fakulteitstreëls. Die student moet betyds daarvoor op die relevante vorm by die bepaalde Fakuteit Administrateur, aansoek doen. Die afstandstudente moet deur die EOAL inbelsentrum, die versoek rig. Die versoek word aan die betrokke Skooldirekteur gerig.

*In die geval van kontak programme, moet aansoek om insae in eksamenskrifte te hê **binne vyf dae** ingedien word nadat die eksamenresultate bekend gemaak is in die geval van die **eerste** eksamengeleentheid en **binne twee dae** in geval van **tweede** eksamengeleentheid. In die geval van **afstandsprogramme** moet aansoek binne **tien werksdae** gedoen word.*

Fakulteitsreëls moet prosedures voorsien vir, en bestuur van die wyse hoe studente insae kan kry in hulle eksamenwerk.

Indien goedgekeur, kan die student die antwoordskrif en memorandum in die teenwoordigheid van die betrokke dosent en vakgroepvoorsitter besigtig. Enige bona fide foute kan reggestel word.

Op die basis van hersiening van eksamenskrifte kan die student versoek dat administratiewe foute reggemaak word, maar indien 'n hermerk versoek word, kan dit teen 'n betaling gedoen word. Reël A.1.13.7.7

*Indien die hermerk van die eksamenskrif 'n wysiging van die uitslag tot gevolg het, word **die oorspronklike punt vervang deur die gewysigde punt.***

Skrifte en geasosieerde memoranda moet hersien word na elke eksamen en binne die datums soos aangedui op die Universiteit se jaarkalender vir finalisering van eksamenpunte.

NAS.1.2.2.10 Exemption from practical work or class attendance in a module: (General Rule 1.12) / *Vrystelling van praktiese werk of klasbywoning van 'n module: (Algemene Reël 1.12)*

NAS.1.2.3 REGISTRATION FOR FINAL YEAR MODULES: (GENERAL RULE 2.4) / ***REGISTRASIE VAN FINALE JAAR MODULE: (ALGEMENE REËL 2.4)***

NAS.1.2.4 PROGRESS IN A PROGRAMME BASED ON PREREQUISITES / *VORDERING IN 'N PROGRAM GEBASEER OP VOORVEREISTES*

In compiling each programme care has been taken that assumed learning, i.e. the necessary prior knowledge and the general level of insight and experience needed to complete the modules prescribed with ease in a specific semester of a programme, has been acquired in the preceding semesters. A student having failed one or more modules in a preceding semester will therefore probably not be adequately equipped to take the modules of the following semester. Such students

are URGENTLY advised to consult the director of the relevant school BEFOREHAND to find out which modules of the semester concerned they may take with a reasonable expectancy of success.

The aim of the rules is to make sure that a student in any semester will only take those modules of which he has the minimum prior knowledge.

A module in any subject may only be taken if it conforms to the requirements regarding the assumed learning, as indicated in the list of modules of the relevant subject. (A-Rule 1.8)

When students change from one programme to another, the entrance level in the new programme will have to be determined in consultation with the director of the school under which the relevant programme falls. /

By die saamstel van elke program, is sorg gedra dat die veronderstelde leer, dit wil sê die nodige voorkennis en algemene vlak van insig en ervaring, wat nodig is om die modules wat in 'n bepaalde semester van 'n program voorgeskryf is, met gemak te kan volg, reeds in die voorafgaande semesters verwerf is. 'n Student wat een of meer modules in die voorafgaande semesters gesak het, sal dus waarskynlik nie voldoende toegerus wees om die modules van die volgende semester te neem nie. Sulke studente word DRINGEND aangeraai om VOORAF die direkteur van die betrokke skool te raadpleeg om vas te stel watter modules van die betrokke semester hulle wel met 'n redelike verwagting op sukses sal kan loop.

Die reëls het ten doel om te verseker dat 'n student in enige semester slegs daardie modules neem waarvoor die student wel oor die minimum voorkennis beskik.

'n Module van enige vak kan slegs geneem word indien aan die eise ten opsigte van veronderstelde leer, soos in die modulelys van die betrokke vak aangedui is, voldoen is. (A-Reël 1.8)

Studente wat van een program na 'n ander program omskakel se intreevlak in die nuwe program sal in oorleg met die direkteur van die skool waaronder die betrokke program resorteer, bepaal word.

NAS.1.2.4.1 Linked and concurrent modules (A-Rule 1.8)

- Linked modules, being modules identified as assumed learning for a subsequent module or modules, must be specified in faculty rules (see NAS1.14.1).
- Linked modules must have been passed, before a student may register for a successive module.
- The passing of modules may be specified in faculty rules as a concurrent requirement for the recognition of the passing of another module, in which case such modules may be taken in a semester prior to, or in the same semester as the module for which it is a concurrent requirement.

In terms of the General Rule 1.8.3 apply in the Faculty of Natural Sciences (see also 1.14.11[contact students) and 1.14.1.2 [distance students])

NAS.1.2.5 TERMINATION OF STUDIES: See GENERAL RULE 1.18/ *BEËINDIGING VAN STUDIES: Sien ALGEMENE REËL 1.18*

NAS.1.2.6 ATTAINMENT OF QUALIFICATION: (GENERAL RULE 2.6) / *VERWERWING VAN KWALIFIKASIE: (ALGEMENE REËL 2.6)*

A degree is obtained when a student has passed in the examination of all the modules prescribed in the curriculum concerned. /

'n Graad word verwerf wanneer 'n student in die eksamen van al die voorgeskrewe modules wat in die betrokke kurrikulum voorgeskryf word, geslaag het.

NAS.1.2.6.1 Qualification with distinction/ *Kwalifikasie met onderskeiding*

With reference to General Rule 2.6.2, a B-degree is conferred with distinction and has achieved a weighted average of at least 75% in the modules of the major subjects, designated by H, in each curriculum (core modules) and-

Where a full-time student enrolled in a contact programme, completes the programme in the minimum period of study, except if failure to comply with the minimum time requirements is due to the interruption of the study on medical grounds, in which case the executive dean concerned, may approve the award of the degree with distinction (A-Rule 2.6.2.2).

A part-time student or a student enrolled in a distance programme, must complete the programme within the maximum time specified in the faculty rules in order to qualify for the award of the qualification with distinction (A-Rule 2.6.2.3).

For purposes of calculating the average, modules completed at other institutions and that are recognised as such by the NWU, must be taken into account (A-Rule 2.6.2.4). /

Met verwysing na Algemene reël 2.6.2 word 'n B-graad met lof toegeken indien 'n geweegde gemiddeld van minstens 75% in die kernmodules behaal word, aangewys deur H, in elke kurrikulum/program en-

Waar 'n voltydse student vir 'n kontakprogram ingeskryf is, moet die program in die minimum studietydperk voltooi word, behalwe as die versuim om aan die minimum tydsvereistes te voldoen, te wyte is aan die onderbreking van die studie, op grond van mediese redes is, in welke geval die uitvoerende dekaan betrokke, die toekenning van die graad met lof kan goedkeur (A-Reël 2.6.2.2).

'n Deeltydse student of student wat vir 'n afstandprogram ingeskryf is, moet die program voltooi binne die maksimum tyd gespesifiseer in die fakulteitsreëls, ten einde vir die toekenning van die kwalifikasie met lof te kwalifiseer (A-Reël 2.6.2.3).

Vir die berekening van die gemiddelde moet modules wat aan ander instellings voltooi is en wat deur die NWU as sodanig erken word, in aanmerking geneem word (A-Reël 2.6.2.4).

NAS.1.3 PROFESSIONAL STATUS / *PROFESSIONELE STATUS*

Any person who has obtained one of the following qualifications in a natural science field at a university in South Africa and has acquired experience as indicated below, may register as a Professional Natural Scientist (Pr.Sci.Nat.) with the South African Council for Natural Scientific Professions:

- 4-year BSc or Hons BSc (that preferentially includes a research module), plus three years of experience in a natural science profession;

- MSc and two years of experience in a natural science profession;
- DSc or PhD plus one year of experience in a natural science profession.

First year of study: 70% of the modules passed, should be in natural sciences, namely Biology I (Botany I and Zoology I), Chemistry I, Mathematics I, Physics I or another natural science subject such as Geology I.

Second and third year of study: 80% of the modules passed should be in the natural sciences of which 50% should be in the respective discipline or directly supportive of the discipline. (Exit level for registration as a Certified Natural Scientist).

Fourth year of study (Honours level): Preferably, 100% of the modules passed should be in the natural sciences of which 80% should be in the respective discipline or directly supportive to nthe discipline. (Exit level for registration as Candidate and Professional Natural Scientist).

Students who have obtained an honours qualification or higher, in Biochemistry may apply to the Health Professions Council of South Africa for registration as an intern medical scientist through an institution that offers such internships. Upon completion of the internship the candidate will be eligible for registration as a medical scientist.

Students who have registered for the BSc in Urban and Regional Planning qualification may apply for registration as a Candidate Planner, according to the regulations (Planning Professions Act, 36 of 2002) of the South African Council for Planners (SACPLAN). After a minimum of two years in practice and completion of the instructions for registration, such a student will be able to register as a Professional Planner [Pr. Pln]. /

Enige persoon wat ’n toepaslike vierjarige kwalifikasie in ’n natuurwetenskaplike rigting aan 'n universiteit in Suid-Afrika verwerf het en oor die dienooreenkomstige jare ervaring beskik, kan as Professionele Natuurwetenskaplikes (PrSciNat) by die Suid-Afrikaanse Raad vir Natuurwetenskaplike Professies registreer:

- *'n 4-jarige BSc of 'n HonsBSc (wat verkieslik ’n navorsingsmodule insluit), plus drie jaar ervaring in 'n natuurwetenskaplike professie;*
- *’n MSc en twee jaar ervaring in 'n natuurwetenskaplike professie;*
- *'n DSc of PhD plus een jaar ervaring in 'n natuurwetenskaplike professie;*

Eerstejaar van studie: 70% van die modules wat geslaag word, moet in die natuurwetenskappe wees, naamlik Biologie I (Plantkunde I en Dierkunde I), Chemie I, Fisika I, Wiskunde I, of ’n ander natuurwetenskapvak, bv. Geologie I.

Tweede- en derdejaar van studie: 80% van die modules wat geslaag word moet in die natuurwetenskappe wees, waarvan 50% in die onderskeie dissipline is of direk ondersteunend tot die dissipline. (Uittreevlak vir registrasie as Gesertifiseerde Natuurwetenskaplike).

Vierdejaar van studie (Honneursvlak): Verkieslik 100% van die modules wat geslaag word, moet in die natuurwetenskappe wees, waarvan 80% in die onderskeie dissipline is of direk ondersteunend tot die dissipline. (Uittreevlak vir registrasie as Kandidaat en Professionele Natuurwetenskaplike).

Studente wat 'n honneurskwalifikasie of hoër in Biochemie verwerf het, kan aansoek doen by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika om geregistreer te word as 'n intern mediese wetenskaplike deur 'n instansie wat so 'n internskap aanbied. Na voltooiing van die internskap sal die kandidaat in aanmerking kom vir registrasie as 'n mediese wetenskaplike.

Studente wat vir die BSc in Stads- en Streekbeplanning graad geregistreer is, kan ingevolge die voorskrifte van die Suid Afrikaanse Raad vir Beplanners in terme van die 'Planning Professions Act (36 of 2002)' aansoek doen vir registrasie as n Kandidaat Beplanner. Na verloop van ’n minimum van twee jaar in die praktyk en nadat aan die voorskrifte vir Registrasie voldoen is, kan sodanige persoon as n Professionele Beplanner registreer word [Pr. Pln].

NAS.1.4 MODULES LACKING TO COMPLETE DEGREE/*UITSTAANDE MODULES OM GRAAD TE VOLTOOI*

If a student lacks five modules at the most to complete his/her degree, these modules may be completed at UNISA, subject to the following conditions:

- The degree must be completed within **five years**. If it takes longer, a written application must be made for extension of the studies.
- At least **one** core module on third year level must be completed at NWU.
- The student must register at both NWU and UNISA. /

Indien 'n student hoogstens vyf modules kort om sy/haar graad te voltooi, kan hierdie modules by UNISA geneem word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- *Die graad moet binne **vyf jaar** voltooi word. Indien dit langer neem moet skriftelik aansoek gedoen word vir verlenging van studie.*
- *Minstens **een** kernmodule moet op derdejaarvlak by die NWU voltooi word.*
- *Die student moet by beide instellings, die NWU en UNISA registreer.*

NAS.1.5 WARNING AGAINST PLAGIARISM / *WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT*

Assignments are individual tasks and not group activities (unless explicitly indicated as group activities). For further details, see:http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/index.html

Werkstukke is individuele take en nie groepsaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as ’n groepsaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na:http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels

NAS.1.6 CAPACITY STIPULATION / *KAPASITEITSBEPERKINGS*

Please take note of the fact that, owing to specific capacity constraints, the University reserves the right to select candidates for admission to certain fields of study. This means that prospective students who comply with the minimum requirements may not necessarily be admitted to the relevant courses. As a result of capacity restrictions and the oversupply of students in certain disciplines, students will be selected for these fields on grounds of their scholastic achievements. (Refer to A-Rule 1.5.2.1) /

Neem asb kennis dat die Universiteit a.g.v. spesifieke kapasiteitsbeperkings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtingste keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursusse toegelaat sal word nie. A.g.v. kapasiteitsbeperkinge en die ooraanbod van studente in bepaalde studierigtings, salstudente o.g.v. hulle skolastiese prestasie gekeur word vir toelating tot hierdie rigtings (Verwys na A-Reël 1.5.2.1).

NAS.1.7 LANGUAGE MEDIUM / *TAALMEDIUM*

Mahikeng: The language of instruction in all undergraduate contact sessions is English. / *Die onderrigtaal in alle voorgraadse kontaksessies is Engels.*

Vanderbijlpark*:* The language of instruction in all undergraduate contact sessions is English, but some modules are presented in both English and Afrikaans. / *Die onderrigtaal in alle voorgraadse kontaksessies is Engels, maar sommige modules word in Engels en Afrikaans aangebied.*

Potchefstroom: The language of instruction in all undergraduate contact sessions is Afrikaans, unless otherwise indicated. Educational interpreting to English will be available in all modules (where requested). All study guides, tests and examination papers are made available to students in both Afrikaans and English. Students may answer any written or oral test or examination in either Afrikaans or English.

Distance Learning IT programme: The language of instruction is English. /

Potchefstroom: Die onderrigtaal in alle voorgraadse kontaksessies is Afrikaans, tensy anders aangedui. Opvoedkundige tolking na Engels is in alle modules beskikbaar (waar versoek). Alle studiegidse, toetse en eksamenvraestelle word egter in beide Afrikaans en Engels aan studente beskikbaar gestel. Dit staan studente in alle modules vry om enige skriftelike of mondelinge toets of eksamen in Afrikaans of Engels af te lê.

Afstandsleer IT program: Die onderrigtaal is in Engels*.*

NAS.1.8 PROTECTION OF PERSONAL AND EDUCATION-RELATED INFORMATION/ *BESKERMING VAN PERSOONLIKE EN OPVOEDKUNDIG-VERWANTE INLIGTING*

A-Rule 1.11 stipulates the following:

In the course of the registration process, the extent to which the student's personal or education-related information may be disclosed to a third party is determined, but the student may withdraw or amend permission granted to disclose such information by means of a request in writing submitted to the registrar. The university may disclose personal or education-related information regarding a student to a third party only after the law applicable to the protection of and access to information has duly been complied with. /

A-Reël 1.11 bepaal die volgende:

In die loop van die registrasieproses word die mate waarin die student se persoonlike of opvoedingsverwante inligting aan 'n derde party openbaar gemaak mag word bepaal, maar die student mag toestemming onttrek of wysig om sodanige inligting bekend te maak deur middel van 'n skriftelike versoek aan die registrateur. Die universiteit kan slegs persoonlike of opvoedingsverwante inligting rakende 'n student aan 'n derde party bekend maak nadat die wet wat op die beskerming van en toegang tot inligting van toepassing is, behoorlik nagekom is.

NAS.1.9 ACADEMIC LITERACY*/ AKADEMIESE GELETTERDHEID*

All undergraduate students who register at the North-West University for the first time, are required to register for a module / modules in academic literacy. They have to pass this module / modules before they can graduate. /

Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Noordwes Universiteit registreer, is verplig om vir 'n module / modules in akademiese geletterdheid te registreer. Hulle moet dit slaag, alvorens hulle kan gradueer**.**

NAS.1.9.1 TESTING/*TOETSING*

Students have to write a compulsory proficiency test (TALL or TAG) in academic literacy, at a time and place determined by the University, in order to determine their ability to function within the academic environment. The purpose of this test is to identify students who, due to inadequate academic literacy skills, may not complete their study programme within the stipulated period in order to empower them with the necessary knowledge and skills. /

Studente moet 'n verpligte vaardigheidstoets (TAG of TALL) in akademiese geletterdheid skryf op 'n gegewe tyd en plek, soos deur die Universiteit bepaal. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat, a.g.v. onvoldoende akademiesegeletterdheidsvaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie, sodat hulle met die nodige kennis en vaardighede bemagtig kan word.

Students have the option of writing the compulsory skills test in either English or Afrikaans. With the exception of students who are identified as borderline cases by the test, each student has only one opportunity to write the test. Students who are regarded as borderline cases, will be granted a second opportunity to write the test. It is the student's responsibility to check and verify his/her result within 14 days of writing the test and to register for the correct module in the correct semester (see below)./

Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs

een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van sy/haar uitslag te vergewis en vir die korrekte module in die korrekte semester te registreer (sien hieronder).

NAS.1.9.1.1 MODULE(S): ACADEMIC LITERACY DEVELOPMENT (ALDE111)/ *ONTWIKKELING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID (ALDA111)*

All students in the Faculty of Natural and Agricultural Sciences are required to register for the module ALDE111 [English] or ALDA111 [Afrikaans], depending on the language of the compulsory proficiency test. The only exception is students who are enrolled for the following programmes: Quantitative Risk Management, Financial Mathematics, Business Analytics, Actuarial Science, Information Technology, Urban and Regional Planning. This exception is not applicable if a student has been identified as being at risk by the aforementioned testor if the student did not take the test. He/she is then also required to take ALDE111 or ALDA111. /

Alle studente in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe is verplig om vir die module ALDA111 [Afrikaans] óf ALDE111 [Engels] te registreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Die enigste uitsondering is studente wat ingeskryf is vir die volgende programme: Kwantitatiewe Risikobestuur, Finansiële Wiskunde, Bedryfsanalise, Aktuariële Wetenskap, Inligtingstegnologie, Stads- en Streeksbeplanning. Hierdie uitsondering is egter nie van toepassing op bogenoemde programme nie, indien die student as 'n risikokandidaat aangemerk word deur bogenoemde toets of indien die student nie die toets afgeneem het nie. Die student is dan verplig om ook ALDA111 óf ALDE111 te volg.

i. Level and credits / *Vlak van krediete*

This module is on NQF level 5 and worth 12 credits (additional credits). In exceptional cases it will be calculated in terms of curriculum credits. It therefore carries a weight of 12 credits in the first-year curriculum in these cases. /

Hierdie module is op NKR-vlak 5 en het 'n waarde van 12 krediete (addisionele krediete). In uitsonderlike gevalle word dit wel vir kredietdoeleindes van die kurrikulum in berekening gebring. Krediete hiermee verdien, kan dus 'n gewig dra van 12 krediete in die eerstejaarskurrikulum.

ii. Composition of module and calculation of module marks /*Samestelling van module en punteberekening*

ALDE111 / ALDA111 comprises one component only, which includes two periods per week. Class attendance is compulsory. The module is only presented in Semester 1./

ALDA111 / ALDE111 bestaan uit slegs een komponent wat minstens twee periodes per week behels en klasbywoning is verpligtend. Die module word slegs in Semester 1 aangebied.

A system of continuous assessment is followed. The final module mark is calculated as follows: Exam mark = 40% and Participation mark = 60%. For admission to the exam in ALDE111 / ALDA111, a participation mark of 40% is required. /

'n Stelsel van deurlopende assessering word gebruik. Die finale modulepunt word soos volg bereken: Eksamenpunt = 40% en Deelnamepunt = 60%. Vir toelating tot die eksamen in ALDA111 / ALDE111 word 'n deelnamepunt van 40% vereis.

Note that for conditional admission to ALDE122 / ALDA122, a student who is required to follow ALDE111 / ALDA111 should obtain a module mark of 40% minimum for ALDE111 / ALDA111. /

Let daarop dat vir voorwaardelike toelating tot die module ALDA122 / ALDE122, moet 'n student wat verplig is om eers ALDA111 / ALDE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in ALDA111 / ALDE111 verwerf.

A final module mark of 50% is required to pass the module. /*'n Finale modulepunt van 50% is nodig om die module te slaag.*

iii. Important additional information / *Belangrike addisionele inligting*

Specific faculty rules in terms of termination of studies might apply if a student fails ALDE111 / ALDA111. /*Spesifieke fakulteitsreëls i.t.v. terminering van studies kan van toepassing wees indien 'n student ALDA111 / ALDE111 nie slaag nie*.

Students who have already successfully completed a module similar to ALDE111 / ALDA111 at another tertiary institution and can provide proof of this, may apply in writing on the prescribed form for formal recognition for the module. This application should be submitted to the subject chair responsible for Academic Literacy. Recognition is only granted in cases where the modules are on the same NQF level (NQF5), where the credit values are of the same value (12), and where content is comparable. /

Studente wat reeds 'n module soortgelyk aan ALDA111 / ALDE111 suksesvol aan 'n ander tersiêre instelling voltooi het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die betrokke entiteit verantwoordelik vir Akademiese Geletterdheid om erkenning aansoek doen. Erkenning word slegs toegestaan in gevalle waar die modules op dieselfde NKR-vlak is (NKR5), die kredietwaarde minstens dieselfde is (12) en die inhoude vergelykbaar is.

iv. Language and mode of delivery /*Taal en modus van aanbieding*

ALDE111 is presented in English and ALDA111 in Afrikaans. The module is presented in both contact and open distance learning mode. Note that only students who are formally registered for open distance learning may follow the module in this mode. Moreover, open distance learning is presented in English only. /

ALDA111 word in Afrikaans aangebied en ALDE111 in Engels. Die module word in beide kontak- en afstandsmodusse aangebied, maar let daarop dat slegs studente wat formeel vir afstandsonderrig geregistreer is, dit in die afstandsmodus mag volg. Afstandsmodules word verder slegs in Engels aangebied.

v. Outcomes /*Uitkomste*

On completion of this module students should be able to:

- bridge the gap between secondary school and university education;
- access academic information effectively in order to understand academic texts;
- process academic information successfully; and
- produce academic information responsibly and appropriately. /

By afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- *die gaping tussen hoërskool en universiteit te oorbrug;*

- *op effektiewe wyse toegang tot akademiese inligting te verkry met die doel om akademiese tekste te verstaan;*
- *akademiese inligting suksesvol te prosesseer; en*
- *akademiese inligting gepas en verantwoordelik te produseer.*

NAS.1.9.1.2 Academic Literacy Development (ALDE122)/ *Ontwikkeling van Akademiese Geletterdheid (ALDA112 or 122)*

All students in the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, regardless of the result obtained for the compulsory proficiency test in academic literacy, must register for the module ALDE122 [English] / ALDA112 or ALDA122 [both in Afrikaans]. /

Alle studente in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, ongeag die uitslag van die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid, moet die module ALDA112 of ALDA122 [beide in Afrikaans] / ALDE122 [Engels] neem.

Students whose preffered teaching and learning language is Afrikaans, and who do not need to complete ALDA111, register for ALDA112 in Semester 1. This arrangement is only applicable to students registered for the following programmes:

- Quantitative Risk Management
- Financial Mathematics
- Business Analytics
- Actuarial Science
- Information Technology
- Urban and Regional Planning

Students who are required to enrol for ALDA111, register for ALDA122 in Semester 2, regardless of the programme they are registered for. All other students with Afrikaans as language of teaching and learning, register for ALDA122 in Semester 2.

Note that ALDA112 and ALDA122 are exactly the same module presented in both semesters. The module codes, however, differ in order to distinguish between the semesters. /

Studente met Afrikaans as onderrigtaal en wat nie ALDA111 hoef te volg nie, registreer vir ALDA112 in Semester 1. Hierdie reëling is slegs van toepassing op studente wat in die volgende programme geregistreer is:

- *Kwantitatiewe Risikobestuur*
- *Finansiële Wiskunde*
- *Besigheidsanalise*
- *Aktuariële Wetenskap*
- *Inligtingstegnologie*
- *Stads- en Streeksbeplanning*

Studente wat ALDA111 moes volg, registreer vir ALDA122 in Semester 2, ongeag die program waarvoor hulle geregistreer is. Alle ander studente met Afrikaans as onderrigtaal, registreer vir ALDA122 in Semester 2.

Let daarop dat ALDA112 of ALDA122 dieselfde module is wat in beide semesters aangebied word, maar waarvan die modulekode verskil om die onderskeid in semester te tref.

Students with English as language of teaching and learning, regardless of the programme they are registered for, register in all cases for ALDE122 in Semester 2. /

Studente met Engels as onderrigtaal, ongeag die program waarvoor hulle geregistreer is, registreer in alle gevalle vir ALDE122 in Semester 2.

vi. Level and credits/*Vlak en krediete*

This module is on NQF level 5 and worth 12 credits. Note that it is calculated in terms of curriculum credits. It therefore carries a weight of 12 credits in the first-year curriculum. /

Hierdie module is op NKR-vlak 5 en het 'n waarde van 12 krediete. Let daarop dat dit wel vir kredietdoeleindes van die kurrikulum in berekening gebring word. Krediete hiermee verdien, dra dus 'n gewig van 12 krediete in die eerstejaarskurrikulum.

vii. Composition of module and calculation of module marks/*Samestelling van module en punteberekening*

For admission to the module ALDE122 / ALDA122, a student must first pass ALDE111 / ALDA111. In all other cases students have immediate access to ALDE122 [Semester 2] / ALDA112 [Semester 1] or ALDA122 [Semester 2]. /

Vir toelating tot die module ALDA112 of ALDA122 / ALDE122 moet 'n student wat verplig is om ALDA111 / ALDE111 te neem, eers laasgenoemde slaag. In alle ander gevalle het studente onmiddellik toegang tot ALDA112 [Semester 1] of ALDA122 [Semester 2] / ALDE122 [Semester 2].

A final mark of at least 40% in ALDE111 / ALDA111 only grants students' conditional entry to ALDE122 or ALDA122. Students who were allowed to continue with ALDE122 / ALDA122 and who passed the examination in this module, may have the result for ALDE111 / ALDA111 condoned to a pass by the entity concerned with Academic Literacy./

'n Finale punt van ten minste 40% in die module ALDA111 / ALDE111 verleen voorwaardelik toelating tot ALDA122 / ALDE122.Indien die eksamen daarin geslaag word, kan dieuitslag van ALDA111 / ALDE111 deur die betrokke entiteit verantwoordelik vir Akademiese Geletterdheid tot 'n slaagpunt gekondoneer word.

The module ALDE122 / ALDA112 or ALDA122 comprises three compulsory components: An Academic Literacy component, a Computer and Information Literacy component and a Reading component. For the academic literacy component, class attendance of two periods per week is compulsory. Computer and Information Literacy requires that students learn autonomously, but they will have access to contact sessions should they wish to make use thereof. Students are also required to attend a number of sessions in the Reading laboratory. Depending on a student's reading speed and comprehension, he/she could be required to attend more sessions. A student must pass all three components to pass the module. /

Die module ALDA112 of ALDA122 / ALDE122 bestaan uit drie verpligte komponente: Akademiese Geletterdheid, Rekenaar- en Inligtingsvaardighede en 'n Leeskomponent.Akademiese Geletterdheid behels twee lesings per week en klasbywoning is verpligtend. Rekenaar- en Inligtingsvaardighede word op outonome wyse bemeester, maar daar is ook verskeie geleenthede tot kontaksessies tot studente se beskikking indien hul daarvan gebruik wil maak. Studente word ook verplig om vir 'n aantal sessies die dienste van die Leeslaboratorium te gebruik.Afhangend van die student se leesspoed en -begrip kan hy/sy verplig word om meer of minder sessies by te woon. Al drie komponente moet geslaag word om die module te kan slaag.

A system of continuous assessment is followed. The final module mark is calculated as follows: Exam mark = 40% and Participation mark = 60%. For admission to the exam in ALDE122 / ALDA112 / ALDA122, a participation mark of 40% is required. /

'n Stelsel van deurlopende assessering word gebruik. Die finale modulepunt word soos volg bereken: Eksamenpunt = 40% en Deelnamepunt = 60%. Vir toelating tot die eksamen in ALDA112 of ALDA122 / ALDE122 word 'n deelnamepunt van 40% vereis.

The exam consists of two papers, namely Academic Literacy and Computer and Information Literacy. The subminimum required to pass the Academic Literacy component, is 40%. The subminimum required to pass the Computer and Information Literacy component, is 50%. These components are dealt with in an 80:20 ratio when calculating the final mark (80% for the academic literacy and 20% for the computer and information literacy component). For the Reading component, a code for sufficient or insufficient is issued. A final module mark of 50% is required to pass the module. /

Die eksamen bestaan uit twee vraestelle, naamlik Akademiese Geletterdheid en Rekenaar- en Inligtingsvaardighede. Die subminimum wat vir eersgenoemde komponent behaal moet word om die module te kan slaag, is 40%. Die subminimum wat vir laasgenoemde komponent behaal moet word om die module te kan slaag, is 50%. Hierdie twee komponente word in 'n 80:20-verhouding hanteer vir die berekening van die finale punt – 80% vir die eerste komponent (Akademiese Geletterdheid) en 20% vir die tweede komponent (Rekenaar- en Inligtingsvaardighede). Vir die Leeslaboratorium word slegs 'n kode vir voldoende of onvoldoende uitgereik. 'n Finale modulepunt van 50% is nodig om die module te slaag.

viii. Important additional information /*Belangrike addisionele inligting*

Specific faculty rules in terms of termination of studies might apply if a student fails ALDE122 / ALDA112 / 122.

Students who have already successfully completed a similar module to ALDE122 / ALDA112 or ALDA122 at another institution and can provide proof of this, may apply in writing on the prescribed form for formal recognition of the module. This application should be submitted to the subject chair responsible for Academic Literacy. Recognition is only granted in cases where the modules are on the same NQF level (NQF5), where the credit values are the same value (12), and where content is comparable. /

Spesifieke fakulteitsreëls i.t.v. terminering van studies kan van toepassing wees indien 'n student ALDA112 OF ALDA122 / ALDE122 nie slaag nie.

Studente wat reeds 'n module soortgelyk aan ALDA112 of ALDA122 / ALDE122 suksesvol aan 'n ander tersiêre instelling voltooi het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die betrokke entiteit verantwoordelik vir Akademiese Geletterdheid om erkenning aansoek doen. Erkenning word slegs toegestaan in gevalle waar die modules op dieselfde NKR-vlak is (NKR5), die kredietwaarde minstens dieselfde is (12) en die inhoude vergelykbaar is.

ix. Language and mode of delivery/*Taal en modus van aanbieding*

ALDE122 is presented in English and ALDA112 or ALDA122 in Afrikaans. The module is presented in both contact and open distance learning mode. Note that only students who are formally

registered for open distance learning may follow the module in this mode. Moreover, open distance learning is presented in English only. /

ALDA112 of ALDA122 word in Afrikaans aangebied en ALDE122 in Engels. Die module word in beide kontak- en afstandsmodusse aangebied, maar let daarop dat slegs studente wat formeel vir afstandsonderrig geregistreer is, dit in die afstandsmodus mag volg. Afstandsmodules word verder slegs in Engels aangebied.

x. Outcomes/*Uitkomste*

On completion of this module students should be able to:

- successfully become part of the academic learning community and participate in this community;
- access information in a responsible and ethical way in order to write an academic text;
- process information strategically in order to write an academic text;
- produce an academic text;
- read at an acceptable speed accompanied by acceptable level of comprehension; and
- demonstrate a fundamental level of computer and information literacy./

By afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- *suksesvol in te skakel by die akademiese leeromgewing en daaraan deel te neem;*
- *op eties-verantwoordelike wyse te soek vir inligting wat nodig is vir die skryf van 'n akademiese teks;*
- *inligting op 'n strategiese manier te verwerk met die doel om 'n akademiese teks te kan skryf;*
- *'n akademiese teks te produseer;*
- *teen 'n aanvaarbare spoed en begripsvlak te lees; en*
- *'n fundamentele vlak van rekenaar- en inligtingsgeletterdheid te demonstreer.*

NAS.1.10 PROVISIONAL ADMISSION REQUIREMENTS FOR UNDERGRADUATE STUDIES / *VOORLOPIGE TOELATINGSVEREISTES VIR VOORGRAADSE STUDIES*

NAS.1.10.1 GENERAL ADMISSION REQUIREMENTS/ *ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES*

Taking due cognizance of the General Rules and Faculty rules as contained in the relevant yearbooks and with specific reference to the A-rule that determines a National Senior Certificate has been obtained and that the minimum statutory requirements for admission to Diploma and/orB-degree studies at a university in the RSA have been complied with, the University reserves the right to consider candidates' applications on the basis or their results./

Met inagneming van die Algemene Reëls en Fakulteitsreëls soos vervat in die betrokke jaarboeke en met spesifieke verwysing na die A-Reël wat bepaal dat 'n Nasionale Seniorsertifikaat verwerf is en dat daar voldoen is aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot Diploma en/of B-graadstudie aan 'n universiteit in die RSA, behou die Universiteit hom die reg voor om aan die hand van resultate oorweging aan kandidate se aansoeke te verleen.

NAS.1.10.1.1 Applicant score (AS) system

For refinement of the application process, the Applicant Score (AS) system that assigns points to performance is utilised.

The purpose of the AS is to determine a base score in regard to calculating the three compulsory 20-credit NSC subjects and the performance in the next best three 20-credit NCS subjects.

NAS.1.10.1.2 **(With reference to the Admissions Policy of the NWU) http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/7P-7.1_Admissions%20Policy_e2019.pdfApplicant Score (AS) and National Senior Certificate (NSC) Requirements**

Table 1: Calculating the Applicant Score (AS)

NSC rating	*AS Score*
8 (90-100%)	AS= sum of the decimal of the three compulsory 20-credit NSC subjects PLUS the next best three 20-credit NSC subjects. Decimal of the actual performance in the relevant subject, e.g. 77% performance to be indicated as 7.7 for purposes of the AS Total=60
7 (80-89%)	
6 (70-79%)	
5 (60-69%)	
4 *(50-59%)*	
3 (40-49%)	
2 (30-39%)	
1 (0-29%)	

The calculation of the Applicant Score takes place in the following way:
Theresultsofsix(6)20-creditNSCsubjectsareusedtodeterminetheAS.

While achievement in Life Orientation (LO) – a 10- credit NSC subject - is not utilised in calculating the ASS, a minimum achievement at Level 3 in LO is required to obtain an NSC. An achievement at level 5 and higher in LO will be regarded as a recommendation for admission in boundary cases and to certainprogrammes.

A prospective student whoachieves two AS points less than required for admission to a specific qualification may, at the discretion of Senate and in line with Paragraph 31 of GG 31674 (2008), be admitted conditionally to study at theNWU.

A prospective student who obtains discretionary exemption may be admitted to certain qualificationsorrelatedprogrammesoncertainconditions.

Table 2: Minimum admission requirements as per NSC requirements

NSC requirements An achievement of “3” (40-49%) in three subjects (one of which is an official language at Home Language level) and a “2” (30-39%) in three other subjects, provided that a portfolio of evidence in the school-based assessment (CASS) component is submitted in the (seventh) subject failed.
Higher Certificate requirements An NSC certified by Umalusi with an achievement of at least “2” (30-39%) in the language of learning and teaching of the HEI concerned, in addition to requirements particular to the specific programme.
Diploma requirements: An NSC certified by Umalusi with an achievement of at least “3” (40-49%) in at least four recognised 20-credit subjects.

B degree requirements:

A National Senior Certificate (NSC) certified by Umalusi with an achievement of "4" (50-59%) or better in at least four 20-credit subjects.

NAS.1.10.2 Technology requirements for admission to the academic programme / *Tegnologiese vereistes vir toelating tot die akademiese program*

All new enrolments must have access to a laptop for study purposes from 2021 onwards. It is compulsory, as part of the equipment a student needs to participate in learning and assessment activities of the academic programme. / *Alle nuwe inskrywings moet vanaf 2021 toegang hê tot 'n skootrekenaar vir studie doeleindes. 'n Skootrekenaar, as deel van die toerusting om deel te neem in leer- en assesseringsaktiwiteite van die akademiese program, is verpligtend.*

Follow the link below for specifications regarding proposed specifications for laptops: /

Volg die onderstaande skakel vir voorgestelde spesifikasies rakende skootrekenaars:

http://services.nwu.ac.za/sites/services.nwu.ac.za/files/files/information-technology/LaptopsforStudents2021.pdf

NAS.1.10.3 Language Requirement / *Taalvereiste*

A pass at level 4 (50-59%) in two languages, including the language of instruction on either the Home or First Additional Language level. /

'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in twee tale, insluitend die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addisionele taalvlak.

NAS.1.10.4 Faculty Specific Admission Requirements / *Fakulteitspesifieke Toelatingsvereistes*

